HHS

GRAAD 10 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL NOVEMBER 2013

TYD : 2 uur EKSAMEN VRAESTEL 2 TOTAAL : 70

GEDIGTE & KORTVERHALE

INSTRUKSIES:

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.
2. Hierdie vraestel bestaan uit twee afdelings : AFDELING A: GEDIGTE
   AFDELING B: KORTVERHALE
3. Jy moet AL die vrae beantwoord.
4. Skryf netjies en leesbaar.
5. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

## AFDELING A : GEDIGTE

**Bestudeer elke keer die gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.**

VRAAG 1 : Jy mag maar

Jy mag maar

Jy mag maar jou koffie slurp
of in die piering gooi
jy mag met vuil voete
uit die komposhoop
oor ons wit mat loop
Jy mag jou naels byt
vals sing
swak groente huis toe bring
die badkamer omkrap
die nat vloer opdroog met my waslap
Skakel maar die radio aan
om ses in die môre
en luister hoe hulle brabbel
oor veevrektes
        aartappelroes

inseminasie
Jy mag maar snags hard snork
oor koue voete brom

as jy net terug kan kom

**Hester Heese**

Vrae:

1.1 Met wie praat die vrou in die gedig? 1

1.2 Haal een woord aan wat die geluid beskryf van hoe die persoon sy koffie gedrink het. 1

1.3 Haal een versreël aan wat bewys dat die vrou 'n baie onpraktiese vloerbedekking in haar huis het. 1

1.4 Die persoon met wie die vrou praat, het 'n pragtige sangstem.

1.4.1 Sê of die stelling WAAR/ONWAAR is. 1

1.4.2 Haal aan om jou antwoord te bewys 1

1.5 Noem een ding uit die gedig wat met boerdery te doen het. 1

1.6 Wat is die vrou se grootste wens? Haal een versreël aan as antwoord. 1

[7]

VRAAG 2 : Touloper

touloper

die storms woed weer in ons huis vandag
maar vol durf klim ek op die tou
voetjie vir voetjie skuifel ek vorentoe
verby die verwyt-winde van
*het jy al weer*
*ek het mos gesê*
*wat het jy gedoen*
gekwelde oë kyk vir my van doer onder
ver verwyder van my kollig-balanseertruuk
my tou web tussen
mure en deurhandsvatsels
familiefoto's en almanakke
blitsende tv-beelde en internetkonneksies
tot by die tuinhek
ek is hoog bo die grond
weg van alles behalwe die wind
maar ek dink nie daaraan nie
ek hou my oog op die tou

ek balanseer my lewe
en voet vir voet skuif ek vorentoe
deur die storm

Fanie Viljoen

Vrae:

2.1 Kies die mees gepaste antwoord en skryf dit dan neer.

2.1.1 "die storms woed weer in ons huis vandag" beteken
- die wind waai erg deur die huis.
- die huis is erg deurmekaar.
- gevoelens loop hoog in die huis en almal baklei. 1

2.1.2 Die kursief- gedrukte woorde word deur __________ uitgespreek.
- sy broer
- sy ouers
- sy suster 1

2.2 Haal vyf opeenvolgende woorde aan wat vir ons sê hoe die spreker probeer wegkom van al sy probleme. 1

2.3 Watter vorm van beeldspraak kom hier voor:

"ver verwyder" 1

2.4 Wie verteenwoordig die volgende dinge:

2.4.1 touloper 1

2.4.2 toeskouers 1

2.5 Kies die korrekte antwoorde en skryf dit dan neer:

Daar is **progressie/regressie** in die gedig. 1

[7]

VRAAG 3 : Ma (Antjie Krog)

Ma

Ma, ek skryf vir jou 'n gedig
sonder fênsie leestekens
sonder woorde wat rym
sonder bywoorde
net sommer
'n kaalvoet gedig –

want jy maak my groot
in jou krom klein handjies
jy beitel my met jou swart oë
en spits woorde
jy draai jou leiklipkop
jy lag en breek my tente op
maar jy offer my elke aand
vir jou Here God.
jou moesie-oor is my enigste telefoon
jou huis my enigste bybel
jou naam my breekwater teen die lewe

ek is so jammer mamma
dat ek nie is
wat ek graag vir jou wil wees nie.

Uit: *Dogter van Jefta*

<u>Vrae:</u>

3.1 Pas die stelling in KOLOM A by die woorde in KOLOM B. Skryf net die nommer en korrekte letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| | |
| 3.1.1 Die spreker praat uit haar hart. | A. Offer |
| | |
| 3.1.2 Ma gebruik skerp taal. | B. Kaalvoet gedig |
| | |
| 3.1.3 Ma bid vir haar kind. | C. Spits woorde |
| | |
| | D. Vloek |

3

3.2 Haal 'n voorbeeld van alliterasie uit strofe 2 aan. 1

3.3 **"Die ma en kind kommunikeer nie baie goed nie."**

3.3.1 Is bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR? 1

3.3.2 Haal een versreël aan om jou antwoord te bewys. 1

3.4 Wat wou die kind graag vir die ma gewees het? Kies een van die volgende woorde as antwoord: 1

| | | | |
|---|---|---|---|
| onvolmaak | perfek | prefek | gebrekkig |

[7]

VRAAG 4 : Eksieperfeksie

Eksieperfeksie

Ons is 'n eksieperfeksie gesin
Ek lyk op 'n haar na Ma
en Boetie trek op Pa.
Eksieperfeksie.

Ons is 'n eksieperfeksie gesin
Eet lae-GI-hawermout,
groente, vrugte, witvleis en min sout.
Eksieperfeksie.

Ons is 'n eksieperfeksie gesin.
Staan soggens op vir gym:
swem, Pilates, gewigte, spin.
Eksieperfeksie.

Ons is 'n eksieperfeksie gesin.
Pa en Ma het goeie werk,
kinders presteer en Sondae is dit kerk.
Eksieperfeksie.

Ons is 'n eksieperfeksie gesin.
Ons hou van kuns en maak musiek,
word omring deur 'n goeie vriendekliek.
Eksieperfeksie.

Ons is 'n eksieperfeksie gesin.
Net ek word 'n bietjie vet.
Ek gaan gereeld na die toilet,
Druk 'n vinger in my keel en spoel
En was en was my hande.

Eksieperfeksie.

*Alta Marincowitz*

Vrae:
4.1 Kies die korrekte antwoord en skryf dit dan neer.

4.1.1. "eksieperfeksie" beteken

- jy is nie meer perfek nie.
- alles is presies en volmaak.
- mense begaan foute. 1

4.1.2 Hierdie gesin eet

- gesonde kos.
- baie wegneemetes.
- gereeld uit. 1

4.2 Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Haal aan om jou antwoord te bewys.

4.2.1 Die kinders lyk baie na hulle ouers. 2


4.2.2 Dié gesin is baie fiksheidsbewus. 2


4.3 Noem die tipe eetversteuring waaraan die meisie ly. 1

[7]

<u>VRAAG 5</u> : Om groot te word **en** Ken jy die see...

Vul die volgende blokkiesraaisel in. **Skryf net die nommer en antwoord in jou antwoordboekie nadat jy die blokkiesraaisel ingevul het. LW – jy MOET dit oorskryf in jou boekie!**








© TheTeachersCorner.net Crossword Maker

**Across**

**3.** Wat veroorsaak dat die visserman pal in sy huis moet sit en nie kan gaan visvang nie?
**4.** Waarvan was die visserman se huis gebou?
**6.** In die gedig, 'Om groot te word', wat is nog ver vir die tiener?

**Down**

**1.** In 'Ken jy die see', wat het die koper gesê is te duur?
**2.** Waaroor het 'ons' as kinders gehuil?
**5.** Waarvoor het 'ons' vrolik gelag?
**7.** Waar is mev. Mathee se seuns? Hulle is ______.

**[7]**

**TOTAAL VIR AFDELING A : 35**

AFDELING B : KORTVERHALE

**Lees elke keer die uittreksel uit die storie en beantwoord dan die vrae wat volg. Onthou, die vrae is op die uittreksel gebaseer.**

VRAAG 1 : Vat die geld en laat vat

***"Dis hoe lank dit geduur het voor Mike Butler, 'n heeltemal onervare skurk, kon uitwerk hoe om 'n rooftog uit te voer sodat hy genoeg geld in die hande kon kry om sy werk te los."***

1.1 Hoe lank het dit vir Mike geneem om die rooftog te beplan? 1

1.2 Gee die naam van die firma waar Mike werk. 1

1.3 Verduidelik wat sy werk in hierdie firma is. 1

***"Hy sien hoe die ou dame wat die bank ingaan, die hand wegstoot van die chauffeur wat haar probeer help. Mike volg haar. Almal val oor hul voete."***

1.4 Wie was die ou dame, mev. Hammond, eintlik? 1

1.5 Hoeveel geld het sy getrek? 1

***"Om 4.40nm doen Mike die rondtes om die uitgaande pos te gaan haal. Hy doen sy werk met 'n blye hart, want hy weet môre bedank hy."***

1.6 Waar hou mev. Hammond al die geld wat sy trek? 1

1.7 Hoekom was die geld wat Mike gesteel het, niks vir hom werd nie? 1

[7]

<u>VRAAG 2</u> : <u>FILMSTUDIE</u>: Ouma se slim kind

2.1 Pas die stellings in KOLOM B by die woorde in KOLOM A. Skryf net die nommer en die letter neer as antwoord.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.1.1 Poppie | A. Die skool boelie. |
| 2.1.2 Maansiekte | B. Kareltjie se troeteldier. |
| 2.1.3 Kleilat | C. 'n Gevaarlike wapen. |
| 2.1.4 Verongeluk | D. Dit veroorsaak Kareltjie se dood. |
| 2.1.5 Steyn | E. Wat Kareltjie makeer het. |
| 2.1.6 Brand | F. 'n Speelding vir die kinders. |
| | G. Kareltjie se ouers. |

6

2.2 Wat het Fan Jan aan die einde van die film gedoen, nadat al die kinders weg is? 1

[7]

<u>VRAAG 3</u> : Verkeerdelik aangekla

***"Lynn se hart klop woes. Durf sy dit doen? Die assistent sien haar huiwer en vra in 'n verveelde stemtoon:"Wil jy die hanger hê?"***

3.1 Wat het Lynn gedoen wat verkeerd was? Verduidelik. 2

3.2 Haal twee opeenvolgende woorde uit die aanhaling aan wat daarop dui dat die assistent nie haar werk geniet nie. 1

***"As sy dit sou gebruik, sou hierdie Cara Neal nie hoef te betaal nie: die versekeraars sal die verliese dek."***

3.3 Gee een goeie rede waarom dit nie vir Lynn nodig was om die kaart te gebruik nie. 1

3.4 Behalwe vir klere, noem een ander ding waarvoor Lynn die kaart gebruik het. 1

***"Ek dink jy sal alles maklik kry, " sê haar nuwe baas toe hy haar rondneem.***

3.5 Waarvan is mev. Doland aangekla? Kies uit die volgende:
- moord op haar kind
- moord op haar man
- moord op haar kêrel.

**Skryf net die antwoord neer.** 1

3.6 Hoe weet die polisie mev. Doland is skuldig? 1

[7]

<u>VRAAG 4</u> : Van Precious: 'n buisie salf

> ***"Hy wonder soms of mevrou Buchner hom uit sy dop wou krap. Ma het die manier om stilletjies met die onderwysers te gaan praat."***

4.1 Watter woord(e) beskryf Coenie se persoonlikheid die beste? Skryf net die nommer en die antwoord neer:

- agterbaks.
- voor op die wa.
- skaam en teruggetrokke. 1

4.2 Aan watter kompetisie laat mevrou Buchner vir Coenie deelneem? 1

4.3 Waaroor voel Coenie baie skaam? 1

> ***"Anderkant die berg behoort die wind nie so erg te waai nie," sê mevrou Buchner. "Dink jy nie ook so nie, Coenie?"***

4.4 Wat het die wind vir hierdie mense veroorsaak (cause)? Verduidelik. 1

4.5 Pas KOLOM B se woorde by KOLOM A. Skryf net die nommer en letter neer.

| KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|
| | | |
| 4.5.1 | Precious | A. Regterarm sleep. |
| | | |
| 4.5.2 | Coenie | B. Is verkrag. |
| | | |
| 4.5.3 | 'n Buisie salf | C. Het 'n kompleks. |
| | | |
| | | D. Sal met sy vel help. |

3

[7]

<u>VRAAG 5</u> : Aspoestertjie en die drie bere

> ***"Vanoggend, toe Triz bel om te sê daar's sowaar drie van hulle, het ek haar nie geglo nie, maar nou sien ek self: Dis rêrig waar."***

5.1 Wie of wat is die "drie" wat in die aanhaling genoem word? 1

5.2 Kies die mees gepaste antwoord en skryf dit dan neer.

5.2.1 Corli se talent is om
- mooi bene te hê.
- lekker koek te bak.
- glad met die mond te wees. 1

5.2.2 Die seun van wie Corli gehou het was
- Graham.
- Gareth.
- Grant. 1

5.3 Watter kledingstuk het Corli by die seuns se huis gaan soek? 1

***"Daardie Vrydagaand stotter Karlientjie, my ma se kar wat saam met Noag uit die ark gekom het, toe ons voor die restaurant stilhou."***

5.4 Hoekom is Corli – hulle by die restaurant? 1

5.5 Wie het ook by die restaurant opgedaag? Gee albei die mense se name. 2

5.6 Wat doen die seun aan die einde van die verhaal wat Corli soos 'n prinses laat voel? 1

[7]

TOTAAL VIR AFDELING B : 35

SOMTOTAAL : 70